

FAQ–Voriesaamtrek 2018

Wat is Voriesaamtrek?

Die Voriesaamtrek word gewissel om een jaar die naweek voor die skole begin en elke daaropvolgende jaar die naweek nadat die skole begin het, plaas te vind. Dit is 'n kamp vir gesinne. Jou wederhelf is welkom om van die kursusse by te woon, al is hy/sy nie'n ingeskrewe Voortrekker nie. Kinders is welkom om saam te kom. Daar is 'n program en toesig vir kinders. Baie kommando's besluit om dit hulle offisierekamp te maak. Daar word basiese kursusse, spesialisasies, verrykingskursusse en sessies aangebied. Die basiese kursusse bv. Bestuur, spesialisasies en verrykingskursusse word oor die hele duur van die naweek aangebied. Vir diegene wat nie formele kursusse wil bywoon nie, kan gerus inskryf vir een van die werkswinkels.

Waar vind die kamp plaas?

Op Hartbeestfontein, die Transvaalse Voortrekkers se kampterrein. Die kampterrein is ongeveer 50 km noord van Pretoria. Daar is 'n stuk grondpad, maar dit is toeganklik met 'n gewone voertuig. Indien dit baie reën kan die grondpad 'n probleem wees so dra asb sorg. 'n Kaart om by die kampterrein uit te kom is op die Transvaalse webblad by <http://transvaal.voortrekkers.org.za/terreine/hartbeesfontein.htm> beskikbaar, dit sluit ook GPS koördinate in.

Watter akkommodasie-geriewe is daar op die kamp?

Jy kan in die slaaplokale tuis gaan of jou eie tent of karavaan bring. Die karavaan en tent staanplekke beskik oor elektriese punte (standard 3-punt prop). Slaaplokale word gedeel met persone van dieselfde geslag.

Hoe vêr is die badkamers van die slaaplokale af?

Die seuns- en meisiesbadkamers is baie naby aan die slaaplokale. Die mans- en damesgeriewe is verder, maar meer luuks. Die kampterrein waar tente opgeslaan word is naby aan die mans- en dames badkamers.

Hoe lyk die slaapperiewe in die lokale?

Daar is baie kamers. Die meeste kamers bestaan uit drie stapel-beddens van 3, maw plek vir 9 mense. Indien jy aandui dat jy in 'n lokaal wil slaap, sal jy saam met ander mense ingedeel word. Mans en dames slaap apart. 'n Gesin kry dus nie 'n lokaal nie.

Wenk: Indien die lokale baie vol bespreek is, moet jy sorg dat jy vroegerig opdaag sodat jy van die onderste beddens kan kies. As jy laat opdaag is daar dikwels net die boonste beddens oop. Dit beteken jy moet op en af klouter as jy wil gaan slaap!

Wat is die beste – lokaal of eie tent?

Daar is voor- en nadele. Die slaaplokale is baie gerieflik. Daar is matrasse in en jy hoef nie 'n tent op te slaan nie. Die nadeel is dat jy die lokaal deel met ander mense. Al die mense gaan ook nie gelyk slaap nie. As jy vroeg gaan slaap, gaan die wat laat kuier jou beslis steur as hulle kom slaap. Dan is 'n tent die beter opsie.

Wenk: As jy'n ligte slaper is, is 'n tent dalk 'n beter opsie. Die nadeel van tente is dat jy dit moet op- en afslaan.

Waar slaan mens jou tent / karavaan op?

Agter en langs die damesbadkamers aan die suidekant van die kampterrein. Daar is kragpunte beskikbaar. Die meeste kommando's reël vooraf om tente bymekaar op te slaan.

Wenk: Moenie te naby aan die lapa opslaan nie. Die lapa is die kuierplek van die kamp. Daar is elke nag mense wat tot baie laat kuier! Soms deurnag. As jy vroeg kom kan jy'n lekker plek onder 'n boom kies.

Is daar mense wat kan help met die opslaan van tente?

Nee, nie mense wat aangestel is nie. Voortrekkers is egter baie hulpvaardig en as jy 'n probleem met die opslaan het, kan jy enige persoon nader. *Wenk: Die grond is BAIE hard. Bring 'n hamer (of boor) vir die inslaan van die tentpenne.*

Wat bring ek alles saam?

- Slaapsak, kussing, sonbrandmiddel, muskietafweermiddel, Anthisan, bordesakkie.
- Musiekinstrument (opsioneel) vir sing om die kampvuur.
- Lekkertjies – die lesings kan lank raak. Dit help om wakker te bly!
- Vleis om te braai vir Saterdagmiddag laat (opsioneel). Eie drinkgoed vir Saterdagmiddag.
- Kampstoel – gemerk.
- *Wenk: Moenie op 'n ander persoon se kampstoel sit nie. Indien jy jou stoel vergeet is daar plastiek-stoele in die saal beskikbaar.*
- *Daar is 'n swembad. Jy kan dus swemklere inpak.*

Hoe werk die etes?

Die program word gevolg. Jy moet dus op die program kyk en so 5 minute voor ete aantree by die kombuis. Bring jou bordesakkie saam. Die kos is baie lekker! Daar is ook deurentyd koffie, tee, koeldrank, water en vrugte beskikbaar. Jy kan enige tyd vir jou iets te drinke gaan haal.

Wat is 'n bordesakkie?

'n Bordesakkie is 'n materiaal-sakkie (of enige houers soos 'n mandjie) met 'n bord, beker, poedingbakkie en eetgerei. Die bord en bakkie moet verkieslik van plastiek wees. Onthou ook 'n vadoek en sponsie of kombuislap om jou skottelgoed te was. (*Wenk: Pak papierborde in. Jy plaas dan 'n papierbord in jou bord, dan hoef jy nie jou bord te was nie. Gebruik ou eetgerei. Mens verloor maklik eetgerei in die skottelgoedwater. 'n Ekstra beker is ook handig.*)

Hoe lank is die kursusse?

Die kursusse verskil. Die meeste kursusse maak Sondagoggend so teen 11:00 klaar. Die langer kursusse so 12:00. Dit word deur die kursusaanbieders bepaal.

Wie bied die kursusse aan?

Gewoonlik mense wat die SpesOp-kursus voltooi het. Dit is die Voortrekkers se volwasse-kursus wat iemand voorberei om kursusse aan te bied. Daar is egter ook heelwat kundiges wat lesings aanbied wat nie die SpesOp-kursus voltooi het nie. Daar is ook kundiges wat nie Voortrekkers is nie, wat kursusse of modules van kursusse aanbied.

Is daar warm water vir stort of bad?

Ja. In die damesbadkamers is daar drie storte en een bad. Die seuns- en meisiesbadkamers het ook warm water.

Wenk: Staan vroeg op as jy van warm water verseker wil wees. Baie laat in die aand is daar gewoonlik ook warm water.

Is daar krag in die kamers?

Daar is wel ligte in die kamers, maar geen kragpunte nie. Daar is kragpunte vir haardroeërs in die damesbadkamers.

Hoe weet mens wanneer jy waar moet wees?

Kyk op die program. Daar is gewoonlik ook 'n plan van die kampterrein.

Wat is 'n seremonie?

As jy as kind 'n Voortrekker was (of in die weermag), is dit die nuwe term vir parades. 'n Seremonie (bv vlaghysing of vlagstryking) het basiese riglyne, maar dit kan egter aangepas word. Daar is ook ander tipes seremonies, bv 'n inlywingseremonie.

Wenk: Indien jy nie die basiese drilbewings ken nie, gaan kyk na die PD-boekies. Jy moet bevele ken soos 'Op die plek rus', 'Aandag' en 'Uitree'. Moet egter nie bekommerd wees nie, jy kan maar net kyk wat die ander doen en hulle navolg!

Wat is 'n basiese kursus?

Intreekursus, Spanhantering, Voortrekkerbestuur, Staatmaker Gemeenskapsleierskursus.

Wat is 'n Spesialisasiekursus?

Spesialisasiekursusse is kursusse met formele doelwitte en standarde soos Seremonies, Veldwerk, Sang en Spele ens.

Wat is 'n verrykingskursus?

'n Verrykingskursus is bv fotografie. Daar is nie formele doelwitte en standarde nie, en dit is gewoonlik 'n dagkursus.

Wat is 'n sessie?

Dit is inligting oor enige onderwerp bv mentorskap, tegnologie, ens. Die sessies is gewoonlik so ongeveer 60 minute lank.

Wat trek ek aan?

Gemaklike klere. Aktiewe voortrekkerdrag. Dit is egter nie nodig om formelevoortrekkerdrag in te pak nie. Onthou 'n kommandohemp as die kommando een het.

Wat is aktiewe/formele drag?

Aktiewe voortrekkerdrag is 'n denim en Voortrekkergholfhemp. Formele voortrekkerdrag vir dames is 'n donkerblou langbroek of romp, wit hemp, onderbaadjie of baadjie en serp. Daar is voorgekrewe reëls vir die dra van formele voortrekkerdrag. Kyk na die reglement. Formele voortrekkerdrag vir mans is 'n grys broek, wit hemp, Voortrekkerdas en baadjie of erkeningsbaadjie.

Is dit veilig op die kamp?

Ja.

Is daar noodhulp op die kamp?

Ja. Daar is 'n noodhulptas en gewoonlik 'n mediese dokter/kundige wat saam kamp.

Kan ek die water op die kamp drink?

Ja.

Waarom moet ek'n opleidingskamp bywoon?

Tydens die opleidingsgeleentede kry jy inligting om jou te help om jou take uit te voer. Dit is ook waar jy ander mense ontmoet en verhoudings bou. Die belangrikste van die opleidingsgeleentede is dat jy gemotiveerd raak en uitsien om jou take met entoesiasme uit te voer.

Kan ek my kinders saam bring?

Ja. Die laerskoolkinders geniet dit gewoonlik baie, maar hoërskool kinders is ook welkom. Onthou net indien jy 'n volledige kursus doen, jy baie besig is. Indien jou kinders baie klein is, is dit beter om sessies by te woon.

Watter kursus moet ek kies?

As jy 'n beginner-offisier met 'n span is, kan jy Intreekursus en Spanhantering doen ten einde genoegsame inligting te kry om 'n span te kan hanteer en besig te hou. Indien jy betrokke wil raak in die bestuur van 'n kommando, moet jy die Bestuurskursus doen. Indien jy alreeds Bestuur gedoen het, kan jy enige van die ander kursusse doen. Indien jy al die kursusse gedoen het, kan jy dit oorweeg om een van die werksinkels by te woon.